Rook

G.J. du Preez 072 1876 076

Rook

Om te rook is ‘n slegte aangeleerde gewoonte wat moeilik is om weer te laat staan. Sommige begin deur nuuskierigheid en ander weer om in die mode te wil wees. Ek weet van ondervinding die dag toe ek ‘n eerste trekkie gevat het’ het my longe dadelik gestry daarteen. Ek het gehoes en my longe was seer. Met aanhou om te probeer rook begin die longe meegee,(oorgee)en laat toe dat die vuil lug deur hom gaan. Ons ken die gevolge, maar kom ons gaan oor na die werklike gedagte agter die rook scenario.
Eeue gelede het verskillende gelowe vure aangesteek en daar rondom gedans om sodoende van die rook van die vuur in te asem. Ons kan noem dat hulle vuur as offer gebruik het om in beswyming te kan kom om hulle god so te kan aanbid. Die meer gesofistikeerde gelowe het reukwerke in die vuur gegooi om sodoende ‘n meer lekkerder geur op te stuur(in te asem)na hulle gode. Die Israeliete het ook met die aanbidding te doen gehad en daarom was YHUH baie kwaad vir Sy volk wat maklik afdwaal agter ander gode aan. Die volk van YHUH was besonders lief vir aanbidding wat die liggaam(veral die menslike brein)in beswyming kan bring.

Die vuur offer branding was beperk tot daardie plek waar die vuur aan die brand gesteek was, en daarbenewens het hulle met ‘n draagbare idee begin wat op strate gedoen kon word. Wat onthou moet word is die rook en geur wat belangrik was en nie so seer die vlam van die vuur nie. Dus wat hulle toe gedoen het is om van die rokende kole in bakke te plaas(wat met ‘lieflike’ geure besprinkel was)en op straat daarmee gewandel sodat die god nie beperk word tot een plek nie, maar oral. Wat hulle toe gedoen het is om die rook wat hulle maak te verkoop. Hulle het bv. na ieder en elk op straat geloop(die rokende kole was in ‘n klein plat bakkie wat aan kettinkies in die hand vasgehou word)sodat die persoon die geur met sy hand na hom toe moes wyf en inasem. Na die inaseming moes die persoon die draer ‘n donasie gee. Hulle het ook nie juis ‘n keuse gehad nie, want as hy dit nie ingeasem het nie sou hy dus nie die god wat aanbid word vereer het nie. Daar benewens was dit vir die opreg gelowige Israeliet baie moeilik op straat. As hulle dit nie gedoen het nie was hulle gevang en gemartel.

Kyk gerus na die Rooms-Katoliek kerk waar hulle nog steeds tot vandag toe met die gegeurde rook wat aan kettinkies hang oraloor rondloop en swaaiend dit tussen en onder die neuse van hul aanhangers swaai. Hulle vereer dieselfde god as wat daar vereer was eeue gelede.

Nou kom ek maak vinnig ‘n draai by die sigaret rokers van vandag waarvan dit soos bo begin het. Soos uitgewys het die begeerte ontstaan om die offerrook in te asem, maar om gewone rook van ‘n vuur in te asem was skokkend vir die longe en daarom sal jy sien dat die wat om die vuur dans mekaar aflos.

Nou daardie(veral onder die swart volkere)manne het van die kole gemeng met allerhande geure(blare, kruie, dagga)gevat en dit begin om te rook. Dit maak hulle heeltemal in beswyming. As hulle bv. besoekers kry dan gee die hoofman gewoonlik vir die besoeker van daardie vuur.

Nou wat gedaan? Die mengsel wat hulle vir hulle god gemeng het moet nou deur die dag mos ook gedien word. Hulle swaai of rol dus 'n 'zol' en rook dit gedurende die dag. Die meer gegoede het dus die eeu oue vuurgod aanbidding verfyn in 'n sigaret.

Kom ons kyk wat sê die Skrif daarvan. Ek vat die 1933 vertaling en vergelyk dit met die ou Nederlandse Staten Skrif. Kyk gerus ook na die KJ en die nuutste verwarde skrif(1988)se interpretasie.

Jer 44:3 weens hulle boosheid wat hulle bedryf het, om My te terg deur heen te gaan om rook te laat opstyg en ander gode te dien wat hulle nie geken het, hulle, julle en julle vaders nie.
Jer 44:3 Vanwege hun boosheid, die zij gedaan hebben, om Mij te tergen, gaande om te roken en andere goden te dienen, die zij niet kenden, zij, gij, noch uw vaders.

Jer 44:5 Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee om hulle van hul boosheid te bekeer nie, om vir ander gode geen rook te laat opgaan nie.
Jer 44:5 Maar zij hebben niet gehoord, noch hun oor geneigd, om zich van hun boosheid te bekeren, dat zij anderen goden niet roken.

Jer 44:8 deurdat julle My terg met die werke van julle hande, om vir ander gode rook te laat opgaan in Egipteland waar julle gekom het om as vreemdelinge te vertoef, sodat julle julself uitroei en 'n voorwerp van vervloeking en van smaad onder al die nasies van die aarde word?
Jer 44:8 Tergende Mij door de werken uwer handen, rokende anderen goden in het land van Egypte, alwaar gij gekomen zijt, om daar als vreemdeling te verkeren; opdat gij uzelven uitroeit, en opdat gij wordt tot een vloek, en tot een smaadheid onder alle volken der aarde?

Jer 44:15 En al die manne wat geweet het dat hulle vroue vir ander gode rook laat opgaan, en al die vroue wat daar staan, 'n groot menigte, en die hele volk wat in Egipteland, in Patros gewoon het, het Jeremia geantwoord en gesê:
Jer 44:15 Toen antwoordden aan Jeremia al de mannen, die wisten, dat hun vrouwen anderen goden rookten, en al de vrouwen, die daar stonden, zijnde een grote hoop, mitsgaders al het volk, die in Egypteland, in Pathros, woonde, zeggende:

Jer 44:17 Maar ons sal stellig alles doen wat uit ons mond uitgegaan het—om vir die hemelkoningin rook te laat opgaan en vir haar drankoffers uit te giet soos ons gedoen het, ons en ons vaders, ons konings en ons vorste, in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem; toe is ons met brood versadig en was gelukkig, en ons het geen onheil gesien nie.
Jer 44:17 Maar wij zullen ganselijk doen al hetgeen uit onzen mond is uitgegaan, rokende aan Melecheth des hemels, en haar drankofferen offerende, gelijk als wij gedaan hebben, wij en onze vaders, onze koningen en onze vorsten, in de steden van Juda en in de straten van Jeruzalem; toen werden wij met brood verzadigd, en waren vrolijk, en zagen geen kwaad.

Jer 44:18 Maar vandat ons opgehou het om vir die hemelkoningin rook te laat opgaan en vir haar drankoffers uit te giet, het ons aan alles gebrek gehad en het ons deur die swaard en die hongersnood omgekom.
Jer 44:18 Maar van toen af, dat wij opgehouden hebben aan Melecheth des hemels te roken, en haar drankofferen te offeren, hebben wij van alles gebrek gehad, en zijn door het zwaard en door den honger verteerd.

Jer 44:19 En as ons vir die hemelkoningin rook laat opgaan en vir haar drankoffers uitgiet—is dit dan sonder ons mans dat ons vir haar koeke maak om haar af te beeld en drankoffers vir haar uitgiet?
Jer 44:19 Ook wanneer wij aan Melecheth des hemels roken en haar drankofferen offeren, maken wij haar gebeelde koeken, om haar af te beelden, en offeren wij haar drankofferen, zonder onze mannen?

Jer 44:23 omdat julle rook laat opgaan het en teen ~~die HERE~~ YHUH gesondig en nie na die stem van ~~die HERE~~ YHUH geluister het nie en in Sy wet en in Sy insettinge en in Sy getuienisse nie gewandel het nie; daarom het hierdie ~~onheil~~ onrein oor julle gekom soos dit vandag is.
Jer 44:23 Vanwege dat gij gerookt hebt, en dat gij tegen den HEERE gezondigd hebt, en des HEEREN stem niet gehoorzaam zijt geweest, en in Zijn wet en in Zijn inzettingen, en in Zijn getuigenissen niet hebt gewandeld; daarom is u dit kwaad wedervaren, gelijk het is te dezen dage.

Let mooi op in die Staten Skrif dat die persoon self rook. Die 1611 KJ. Skrif wys uit dat dit geurmiddels is wat gebrand word, maar gaan gerus na die Strongs verwysing en sien dat die KJ ‘n keuse het om te gebruik wat tog stryden is soos bv. Jer.44:23 hier bo **H6999** קטר qâṭar *kaw-tar'*

A primitive root to *smoke*, that is, turns into fragrance by fire (especially as an act of worship): - burn (incense, sacrifice) (upon), (altar for) incense, kindle, offer (incense, a sacrifice).

Mense jy mag nie rook nie, want jy terg YHUH en jouself. Stop dadelik en vra vergifnis.

Bedink dit!